Verwysing: 20200922-8221
Lêerno.: 12/2/10/5/5
Navrae: C Banda

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0007/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Voorgeskrewe letterkundetekste vir die graad 12-eksamen in November 2021 en Junie 2022**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief E16 van 2020 van 09 September 2020 (aangeheg as **Bylae A**) uitgereik oor die voorgeskrewe letterkundetekste vir alle amptelike tale op huistaal-, eerste addisionele taal- en tweede addisionele taalvlakke vir die graad 12-eksamen wat in November 2021 en Junie 2022 geskryf sal word.

2. As gevolg van uitdagings wat met die Covid-19-pandemie gepaardgaan, het die DBO besluit om die bekendstelling van nuwe letterkundetekste tot die November 2022-eksamen uit te stel.

3. Die graad 12-letterkundevraestelle, vir alle amptelike tale in die November 2021- en Junie 2022-eksamen, sal gebaseer wees op die letterkundetekste wat vir die November 2020- en Junie 2021-eksamen voorgeskryf is, met die uitsondering van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT HT).

4. Om dié rede moet daar kennis geneem word dat die lys met voorgeskrewe letterkundetekste vir die November 2021- en Junie 2022-eksamen dieselfde is, soos uiteengesit in DBO Omsendbrief E19 van 03 Augustus 2018 (aangeheg as **Bylae B**).

5. In die geval van SAGT HT, was daar 'n gebrek aan die beskikbaarheid van letterkundetekste in SAGT HT, en dus kon daar nie aan die minimum vereistes vir die voorgeskrewe letterkunde vir graad 12 voldoen word nie, soos uiteengesit in Omsendbrief S2 van 2018 van 02 Februarie 2018 (aangeheg as **Bylae C**). Sedert 2018 het die DBO spesifieke tekste uit verskillende bronne gekies om aan die vereistes te voldoen. Die voorgeskrewe letterkundetekste vir SAGT HT vir die graad 12-eksamen in November 2021 en Junie 2022 is soos volg:

**SAGT HT Voorgeskrewe letterkundetekste vir graad 12: November 2021 en Junie 2022**

**Digkuns: Graad 12**

| Titel | Inrigting | Hulpbron |
|---|---|---|
| 1. Alone | American Sign Language (ASL) – Daniel Durant | Voorsien aan skole (DVD) |
| 2. Evolution of Communication | ASL – Ian Sanborn https://www.youtube.com/watch?v=2z8z3jypxz0 | YouTube |
| 3. Five Senses | British Sign Language – Paul Scott | Voorsien aan skole (DVD) |
| 4. June 16th | Deaf Federation of South Africa | E-pos: signlanguage@deafsa.co.za |
| 5. The Rosebush | ASL – Ella Mae Lentz | Voorsien aan skole (DVD) |

**Roman: Graad 12**

| Titel | Inrigting | Hulpbron |
|---|---|---|
| 1. Asa stands up for Herself | Universiteit van Stellenbosch | Vanessa Reyneke<br>Tel: 021 808 2135<br>E-pos: vanessa2@sun.ac.za |
| 2. Together We're Strong | Universiteit van Stellenbosch | Vanessa Reyneke<br>Tel: 021 808 2135<br>E-pos: vanessa2@sun.ac.za |

**Drama: Graad 12**

| Titel | Inrigting | Hulpbron |
|---|---|---|
| Living on the Edge | Universiteit van Stellenbosch | Vanessa Reyneke<br>Tel: 021 808 2135<br>E-pos:vanessa2@sun.ac.za |

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle inrigtings en kandidate wat die graad 12-eksamen in November 2021 en Junie 2022 aanbied.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2020-10-05